
# DIE SWART LUIPERD


No 69
AVONTUUR IN DIE KONGO



MEIRING FOUCHE

Weer tree twee van die krygers vorentoe en dit lyk asof hulle in 'n beswyming is. Hulle stap soos twee slaapwandelaars, neem posisie in en slinger hul spiese. Die Luiperdman ruk weer sy oë toe, en toe hy hulle oopmaak, sien hy dat die twee spiese feitlik die bo-arms van die twee slagoffers raak sonder dat hulle egter raakgegooi is. Hy weet dat hierdie die einde moet wees. Nader as dit kan niemand 'n spies gooi sonder om een van die slagoffers te tref nie. Hy weet dat die oomblik aangebreek het. Een van hulle wat vir hom lyk soos 'n hoofman spring vorentoe en gryp die hand van die kryger vas wat die spies so na aan Anita Larsen geslinger het. Asof die man 'n oorwinning in die bokskryt behaal het, word sy arm omhoog gelig. 'n Groot, geïnspireerde toejuiging bars los. Die voorman spring na Anita Larsen toe en met 'n paar hale met die lem van sy spies sny hy die bobbejaantou los waarmee sy vasgebind is. Die kryger wat die prys gewen het, gryp haar dadelik in sy arms op en kom met haar terug gedraf tot by die vuur.

*Stofomslag: Willie du Plooy*



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Vreemde Boodskap | 3 |
| 2. | Terug na die Oerwoud | 10 |
| 3. | Krokodille Kom! | 19 |
| 4. | Groter Gevaar | 26 |
| 5. | Eienaardige Olifant | 32 |
| 6. | Een Geheim Opgelos | 39 |
| 7. | Konsternasie | 49 |
| 8. | Dodelike Dans | 55 |
| 9. | Vurige Vaartuig | 64 |
| 10. | Vliegende Pyle | |


## Hoofstuk 1

## VREEMDE BOODSKAP

Die ruiter is dankbaar toe hy deur die reën die vriendelike lig in die donker in skyn. Hy was bang dat hy hierdie plekkie sou misry, maar nou weet hy dat hy na vannag se uitputtende reis ordentlik sal kan slaap.

Hy ry oor die werf van die klein hotelletjie digby die grens tussen Tanganjika en Zaire. Hy trek sy moeë perd onder die grasafdak in, haak hom daar vas en beveel sy twee mak jagluiperds om daar te bly. Toe draf hy koes-koes om na die ingang van die hotelletjie en gaan sommer die klein kroeg binne wat so oulik ingerig is met inheemse hout, dierehorings en opgestopte voëls.

Op die drumpel bly hy staan en glimlag breed. Die blonde kêrel agter die toonbank is so verdiep in die koerant wat hy lees dat hy die aankomeling uit die reënnag nie eens opmerk nie.

Dit lyk my dit is 'n baie interessante koerant wat jy daar beet het,'' sê die man op die drumpel en toe kyk die blonde kêrel agter die drinkbank verbaas op. Toe gaan hy aan die lag, wip bo-oor die drinkbank en hardloop sy besoeker tegemoet.

,,Luiperdman!'' sê hy en steek sy hand uit. ,,Wat 'n verrassing! Waar op die wêreld kom jy vandaan? Jy is die laaste man wat ek verwag het om te sien.''

,,Naand, Tom,'' sê die Swart Luiperd, die lang, kragtige Suid-Afrikaner wat met sy swart hings en sy twee mak jagluiperds gedurig in die oerwoude van Afrika rondswerf.

,,Kom in, man,'' nooi Tom Barry, eienaar van die klein hotelletjie waar gewoonlik net toeriste en groot jaggeselskappe tuis gaan wanneer hulle op safari in hierdie dele is.

,,Kom drink iets,'' sê Tom. ,,Jy is papnat, man.''

,,Net 'n glas koue water,'' sê die Swart Luiperd en stap glimlaggend agter die opgewonde Engelsman aan.

,,Het jy nog nooit geleer om iets meer as water te drink nie?'' vra Tom Barry met 'n skewe glimlaggie.

,,Water smaak vir my die lekkerste,'' sê die Luiperdman en gaan leun teen die drinkbank wat eweneens van pragtige inheemse hout gemaak is.

Toe loer hy na die koerant en onderwyl Tom Barry vir hom 'n glas koue water inskink, vra hy: ,,En wat is die nuus?''

,,Die nuus is maar lelik,'' antwoord Tom en sy stem is meteens ernstig. ,,Die duiwel is los in Zaire.''

,,So het ek gehoor,'' sê die Swart Luiperd. ,,Dit is daarom dat jy my hier sien. Ek was omtrent 'n week gelede in Zaire. Ek het maar daar padgegee so vinnig as wat ek kon, want na wat ek verneem het, is blankes nie juis veilig daar nie.''

,Dit is reg,'' sê Tom en skink vir hom 'n glasie whisky in. ,,Die Belgiese regering het nog skaars die bewind aan die inboorlinge oorgegee of daar is chaos in die land. Dit plunder en moor en gaan te kere op 'n vreeslike skaal. Hier in die koerant lees ek dat talle blankes vermis word. Niemand weet wat van hulle geword het nie. Die mense vlug op groot skaal uit Zaire weg. Hulle sê strepe motors steek die grens oor na Zimbabwe, en selfs hier in Tanganjika het al 'n klomp vlugtelinge aangekom. Kom jy tog nie nou uit Zaire nie, Luiperdman?''

,,Dit is korrek. Ek het daar 'n bietjie rondgedwaal maar van die troue inboorlinge het my kom waarsku en gesê dat dit beter sal wees as ek my liewer uit die voete maak. Toe het ek maar opgesaal en gemaak dat ek wegkom. Ek wil nie graag in daardie maalstroom vasgevang wees nie.''





Hy trek die koerant nader en begin daarin lees. Hy frons toe hy sien wat die toestand in die pragtige land is waar hy al soveel dae en soveel weke gelukkig deurgebring het. Zaire is vir hom een van die interessantste streke van Afrika. Daarom dat hy soveel tyd daar deurbring. Maar nou, na wat hy hier gelees het, besef hy baie goed dat hy seker nie gou daarheen sal kan terugkeer nie. Dit vervul hom half met weemoed, maar hy weet dat hy hom by die onvermydelike sal moet neerlê. Hy lees van moorde, van ontvoering, van wrede aanrandings, van brandstigting en allerhande onhebbelikhede.

,,Wel,'' sê die Swart Luiperd toe hy die koerant eindelik neersit. ,,Dit lyk maar lelik, nè, Tom?''

,,Dit is 'n ramspoedige toestand wat daar ontwikkel,'' antwoord Tom Barry.

,,Maar dink jy dat hierdie verwoesting sal deurdring na die inboorlinge van die oerwoud? Hulle is eenvoudige skepsels. Dit lyk vir my die grootste moeilikheid is in plekke soos Leopoldstad.''

,,Dit is moeilik om te sê,'' antwoord Tom. ,,Moontlik sal hierdie uitspattighede maar net beperk bly tot die stede en dorpe, maar 'n mens weet nooit. Jy weet hoe hierdie inboorlinge is. Hulle sal gou genoeg hoor wat aan die gang is in die stede en dorpe. En netnou-netnou vind jy dieselfde toestand tot in die diepste oerwoud, tot by die mees afgeleë stam.''

Die Swart Luiperd sug. ,,Nou ja,'' sê hy, ,,ek hoop maar dit bedaar weer. Ek sal in elk geval seker nie gou na Zaire terugkeer nie.''

,,Is jy op pad huis toe?'' vra Tom.

,,O, ja,'' antwoord die lang man. ,,Nou gaan ek 'n bietjie terug Transvaal toe. Dit is al maande wat ek daar weg is en my vrou en

my seun sal hulle later verbeel dat ek weggeloop het. Ek moet darem weer 'n slag gaan aandag gee aan my boerdery. Anders boer ek netnou uit."

,,Dit is heerlik," sê Tom. ,,Ek hoop net die wanderlust pak jou maar gou weer beet sodat ek jou in die nabye toekoms weer kan sien. Ek hou daarvan om jou te sien en met jou te praat, Luiperdman," sê die Engelse hotelbaas opreg. En sy blou oë lag vir die Luiperdman.

,,Jy is 'n mooi een," terg die Swart Luiperd.,,Ek moet jou altyd besoek, maar jy het my nog nooit besoek nie."

,,Maar dit is so vér, man," antwoord Tom. ,,Hoe moet ek nou in Transvaal kom?"

,,Dit is maklik genoeg," antwoord die Swart Luiperd. ,,Hier is 'n binnelandse vliegdiens. Jy kan maar net vlieg tot by die naaste lugdiens-terminus en daarvandaan 'n vliegtuig haal na Suid-Afrika. Dit is glad nie so vreeslik vêr as wat jy jou verbeel nie."

,,Miskien doen ek dit tog eendag," sê Tom opgewonde. ,,Ek sal baie graag jou plaas wou sien, jou vrou en jou seun."

Meteens slaan Tom op die drinkbank se blad. ,,Goeie genade," sê hy, ,,ek het so byna vergeet! Hier is 'n brief vir jou, Swart Luiperd. Dit het omtrent drie dae gelede hier aangekom. As ek vergeet het om jou hierdie brief te gee, sou ek myself dit nooit vergewe het nie."

,,'n Brief?" vra die Luiperdman en frons. ,,Maar wie weet dat ek hierheen kom? Wie sal dan hierheen aan my skryf?"

,,Ja, dit weet ek nou nie," antwoord Tom en snuffel tussen die drankbottels rond om die brief te kry.

,,Hier is dit," sê hy toe hy dit eindelik vind.

Die Swart Luiperd neem die brief en staar uit die veld geslaan na die handskrif waarin die adres geskryf is. Hy wil dit herken en





tog ken hy dit ook nie. Hy sien dadelik dat hierdie adres in alle haas geskryf is. Dit is aan hom geadresseer, per adres die hotel van Tom Barry, hier naby die grens tussen Tanganjika en Zaire. Dit is 'n stewige, sterk, regop handskrif en dit herinner 'n mens dadelik aan 'n fynopgevoede en intelligente en geleerde persoon.

,,Maar wie kan dit wees?" vra die Luiperdman en draai die brief 'n slag in sy hande om. Hy kyk op die agterkant maar daar sien hy niks wat hom 'n leidraad gee nie.

Toe hy weer na die handskrif kyk, besef hy dat hy dit al vantevore gesien het. Maar waar, kan hy nou glad nie dink nie. Dit is vir hom heeltemal duister.

Hy trek sommer sy lang jagmes uit die skede en met die punt daarvan begin hy die brief oopsny.

Nadat hy die koevert oopgesny het, staar hy verbaas na die inhoud.

Daar is geen geskrewe brief in die koevert nie. Toe kyk hy op na Tom Barry wat ewe belangstellend staan en toekyk.

,,En nou?" sê die Luiperdman. ,,Wat gaan nou hier aan? Dit is nie 'n brief nie, Tom."

,,Nie 'n brief nie? Maar dit moet wees."

,,Kyk hier," sê die Swart Luiperd en oorhandig die oop koevert aan sy goeie vriend.

Tom Barry kyk belangstellend na die inhoud van die koevert. Sy oë rek groter en groter. Nadat hy 'n hele ruk so gekyk het, kyk hy verbaas na die Luiperdman op.

,,Wat sou dit beduie?" verneem Tom. ,,'n Veer. Dit is al wat hier in is. 'n Rooierige veer."

,,Dit is reg," sê die Swart Luiperd. ,,Net 'n veer—dit is al. Maar dit is nie elke dag se veer hierdie nie, Tom."

,,Wat bedoel jy?" vra die Engelsman, sy oë die ene belang-

stelling. ,,Is dit dan 'n besonderse veer?''

,,Dit is die veer van een van die sonderlingste voëls in die hele Afrika,'' antwoord die Luiperdman.

,,Hoe bedoel jy?''

Hy trek die veer uit die koevert en hou dit in die palm van sy hand. Tom Barry kyk aandagtig daarna. Toe sien hy dat dit een van die mooiste vere is wat hy nog ooit gesien het. Dit is rooierig van kleur met ligte skakerings van grys en sagblou, en hier en daar selfs pienk.

,,Dit is pragtig,'' sê Tom.

,,Hierdie veer,'' sê die Luiperdman, ,,behoort aan die woudloerie. Jy tref hom aan alleen in die dieptes van die oostelike reënwoud van Zaire.

Tom kyk na die lang man op en daar is 'n vraag in sy helder oë. ,,In die reënwoud?'' vra hy. ,,Maar wat sou dit beteken? Jy kry 'n brief wat duidelik aan jou geadresseer is, per adres my hotel, maar daar is geen brief in nie. Al wat daarin is, is die veer van 'n sonderlinge voël. Hoe lê jy dit uit, Luiperdman? Het jy so iets verwag?''

Die Swart Luiperd raak die veer met sy voorvinger aan. Voel aan die sagte tekstuur daarvan, bewonder dit opnuut. Sy oë het afgetrokke geraak. Dit lyk asof hy meteens in 'n herinnering of in 'n onaangename ervaring verlore geraak het.

,,Nee, Tom,'' sê hy eindelik, ,,ek het geen brief verwag nie. Allermins het ek verwag om só 'n brief te ontvang. En tog dink ek ek weet wat dit beteken.''

,,Weet jy? Ek kan daarvan geen kop of stert uitmaak nie. 'n Pragtige veer in 'n koevert. Daaruit kan 'n mens nie veel wys word nie.''

Die Swart Luiperd leun met sy elmboog op die drinkbank.





,,Hierdie veer,'' sê hy, ,,is aan my gestuur deur een van die grootste natuurkundiges in die wêreld. Een van die fynste geleerdes wat daar is. Hy is nie alleen 'n groot natuurkundige nie maar ook 'n wetenskaplike van die eerste rang. Sy naam is professor Emil Larsen. Emil Larsen doen navorsing in die oostelike reënwoud van Zaire.

,,Nou goed,'' sê Tom, ,,dit is alles baie interessant, maar wat het dit met hierdie veer te doen? En hoe het Emil Larsen geweet om daardie veer nou juis hierheen te stuur? Waarom het hy dit gedoen? Net vir die mooiheid?''

Die Swart Luiperd skud sy kop stadig. ,,Nee,'' sê hy, ,,vir die mooiheid het hy dit bepaald nie gedoen nie. Ek dink hierdie veer beteken meer as wat ons twee ons verbeel, Tom. Ek hou nie hiervan nie. Hierdie is 'n boodskap. En hoe gouer ek dit ontsyfer, hoe beter. . .''

## TERUG NA DIE OERWOUD

Daar in die oulike klein kroeg van Tom Barry gaan die Swart Luiperd in een van die lekker leunstoele sit. Hy hou die veer van die woudloerie tussen sy vingers vas. Daar is 'n frons tussen sy oë. Hy dink gedurig aan professor Emil Larsen, die opgewekte, innemende en voortreflike Sweedse professor wat hy op een van sy reise diep in die groen reënwoud teëgekom het. Dit is omtrent nou twee maande gelede dat hy by Larsen was. Hulle het uitvoerig gesels oor die wonders van die woude van Afrika. Die Luiperdman het die hoogste belangstelling getoon in Larsen se versameling van plant-, voël- en dierelewe. En hy het ook onderneem om buitengewone voorbeelde van lewe wat hy teëkom, onder Larsen se aandag te bring.

Larsen het so baie belang gestel in die Suid-Afrikaner wat die ongerepte natuur so liefhet dat hy gedurig daarin ronddwaal, dat hy die Luiperdman selfs na sy reisplan uitgevra het. En hier waar hy dit nou alles sit en ontrafel, alles in sy herinnering laat herleef, onthou die Swart Luiperd nou hoedat hy aan Larsen vertel het hoe hy uit die reënwoud gaan trek.

Hy het aan Larsen vertel dat hy 'n draai deur Zaire wou maak en dat hy later van tyd sou uitswaai na Tanganjika om weer 'n slag sy ou vriend Tom Barry te gaan opsoek. Hy het aan Larsen gesê waar Tom Barry se plekke geleë is en die merkwaardige professor moes dit onthou het.

Van daar dat hy die veer na hierdie adres gestuur het. Maar wat is die betekenis daarvan? Emil Larsen se bedoeling was sekerlik nie om die veer onder die Luiperdman se aandag te bring





nie want toe hy bietjie meer as 'n week by die professor deurgebring het, het Larsen die veer aan hom getoon. Dit is een van die eerste dinge wat Larsen hom getoon het. Hierdie merkwaardige veer van 'n merkwaardige en sonderlinge voël. Dit kan dus nie die bedoeling wees dat Larsen nou hierdie veer onder sy aandag wil bring nie.

Tom Barry sit op sy drinkbank en swaai sy stewels.

,,Nou toe,'' sê hy eindelik, ,,wat dink jy? Wat is die betekenis van hierdie sonderlinge boodskap? Want 'n boodskap is dit bepaald, Luiperdman. Dit kan selfs ék aflei.''

Die Swart Luiperd staan stadig uit die stoel op, neem die veer, plaas dit in die koevert terug en steek dié in die binnesak van sy velbaadjie.

,,Tom,'' sê hy, ,,ek dink ek weet wat agter hierdie veer sit. ,,Ek dink hierdie is 'n noodoproep. Ek dink Emil Larsen is in ernstige gevaar. Hy het hierdie veer gestuur om my te ontbied.

,,Dink jy waarlik so?'' vra Tom. ,,As hy jou dan wou ontbied, waarom het hy nie 'n duidelike brief geskryf nie?''

,,Dit weet die hemel alleen,'' antwoord die Luiperdman. ,,Daar kan natuurlik 'n duisend redes voor wees, Tom. Moontlik het hy nie die tyd gehad nie. Moontlik is hy siek. Wie weet? Al wat ek weet, is dat Emil Larsen hierdie veer gestuur het omdat hy wil hê dat ek na hom toe moet kom. Daarvan is ek so seker as van my eie lewe.''

,,Wat gaan jy maak?'' vra Tom.

Die lang man stoot sy vingers deur sy sterk donker hare; hare wat al lank uitgegroei het in die tyd wat hy uit die beskawing afwesig was. Hy gee 'n moeë sug. ,,Wat kan ek doen?'' vra hy. ,,Ek moet gaan. En ek het so daarna uitgesien om nou terug te keer huis toe. Ek was waarlik nie van plan om langer in hierdie dele te